# KOMMUNIKAATJIE

## Gereformeerde Kerk Centurion

**Jaargang 51** | **Nr 35** | **4 Oktober 2026**


## *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***
Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Telefoon: **012 664 2614**
*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*

Basdenlaan 226
Lyttelton

Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KLEUTERKLAS**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.
*(Janneke Wessels – 071 898 5900)*

## KOLLEKTES

| | |
|---|---|
| Vandag: **Barmhartigheid** (tydens erediens ) | Vandag: **Thusofonds** (by die deure) |
| Volgende week: **Barmhartigheid** | Volgende week: **Instutuut vir Christelike Onderwys** |

**Maandelikse bydraes dmv EFT**—Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur bevestigende epos aan admin@gkcenturion.co.za

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

**Bernina @ Saxby**—Verkope van alle Bernina en Bernette naaldwerkmasjiene en omkap-masjiene. Diens en herstel van alle fabrikaat naaldwerk-masjiene. Dalena Kruger 072 974 2728.

**Huiskontrakteur** – herstel/waterdigting van dakke; oopmaak van rioolstelsels, verfwerk; herstel/installering van plaveisel; teëlwerk; herstel van waterlekke; staalwerke; saag/verwydering van bome; installeer solar-drukpomp op watertenks, omskakeling van geyser na sonkrag; installasie van gastoestelle. Hennie vd Walt 082 927 4326.

**Verkoop u, u huis?** Onthou dit is u Verkoper se keuse om die prokureur aan te stel. Ek sal u graag daarmee wil help. Ook testamente en boedels. Pieter Wolmarans Prokureurs 083 949 8899.

Soek jy ‘n lekker kuier-plek???? **Oppi Stoep**

**Bouplanne** - Skakel Tertius Horak by 082 925 6015 vir enige argitek werk wat u benodig. Nuwe geboue, aanbouings en *“soos-gebou-planne”* insluitend Stadsraad goedkeurings.

**Aftreewoonstel te huur** - Waverley, Pretoria, Rolstoelvriendelik,

58 vk. meter, Binne loopafstand van winkels en kerk. Kontak Dirk Das 083 273 3053 of Hanneke Das 083 304 8227.

Die Wyse Gryses kom DV weer op Maandag 12 Oktober 2026 om 10h00 in die kerksaal bymekaar.

Ons wil graag ’’n stokperdjie-uitstalling hou!

Baie van ons Wyse Gryses beoefen een of ander interessante stokperdjie
en kan dit vir ons kom wys en sommer daaroor saam gesels!

Ons wil ook graag 'n paar bordspeletjies speel, dus bring gerus ’’n speletjie saam wat vir julle pret gee!

Almal is hartlik welkom!!







## Dienspersoneel

| Datum | Wyk | Oudl Afr Diens | Oudl vir Afkondigings | Diaken | Klank | Projektor | Video Uitsending |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 04-Oct | B07 | Wally Wallace | Johan Hoogendyk | Ignatius du Preez | Hannie vd Bergh | Gert Reinecke | Charl vd Bergh |
| 11-Oct | B08 | Koos Pretorius | Thys Reynecke | Kobus Joubert | Ronell Hoogenboezem | Johan Hoogenboezem | Carina vd Dussen |

# Verjaarsdae

## Belydende lidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 04 Okt. | Elizabeth | Holdt | B16 | 0836566067 |
| | Chantel | Kotzé | B11 | 0732660206 |
| | Bokkie | Prinsloo | A06 | 0836315702 |
| 05 Okt. | Gert | de Klerk | A07 | 0843996461 |
| | Marlie | Maree | B14 | 0824412799 |
| | Dominique | Scott | A12 | 0646569886 |
| | Lené | vd Walt | A08 | 0605421769 |
| 06 Okt. | Zinette | Cronje | C05 | 0763079223 |
| 07 Okt. | Rassie | Erasmus | C04 | 0825749804 |
| 09 Okt. | Manie | v Antwerpen | A08 | 0836556822 |
| 10 Okt. | Gerrit | de Vente | E02 | 0828238498 |
| | Josia | Gerber | C13 | 0614788051 |
| | Bets | Schutte | C12 | 0823387903 |

## Dooplidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 06 Okt. | Lohan | Human | C03 | 0845496503 |
| | Ivanka | vd Merwe | A11 | 0606089857 |

# Ons gee om vir Mekaar

***"...God ontferm Hom oor ons."*** *Ps. 116:5*

- Meelewing word betuig met familie van Sarel Pretorius na sy afsterwe die afgelope week.
- Ronell Hoogenboezem het 'n prosedure ondergaan aan haar duim (A03 – 083 292 3534).
- Jani Nel word sterkte torgewens met ernstige brand wonde wat sy opgedoen het na 'n frats ongeluk (C11 – 082 653 3934).
- John Goosen het weer 'n terugslag gekry (A09 – 082 882 5170).
- Cornelia Goosen gaan die 8ste Oktober vir haar operasie (A09 – 072 132 7694)

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

**Gemeente vergadering met die oog op die roeping van 'n nuwe predikant word op 11 Okt 2026 voor die oggend erediens gehou**

**Profiele van die twee broers op kortlys. Stemming vind DV plaas op Sondag 11 Okt. 2026**

Prof Albert Coetsee: Vanaf 2011-2016 by GK Uitschot, eers met hulpdiens en toe bevestig in 2012.

Sedert 2017 by TSP en Fakulteit Teologie as dosent by NWU.

Getroud met Lulu hulle het vier seuns (Gr 8,7,5,2)

Ds Brahm Robinson: Word groot in Potchefstroom. Studeer eers LLB en die Here roep.

Bedien die volgende gemeentes: Rustenburg-4jr, Walvisbaai/Hentiesbaai-3jr, Cachet-7jr

Tans by Bellville-Oos in meerdere bediening

Getroud met Lida. Sy werk as Fin Adviseur.

Hulle het drie kinders, twee seuns en 'n dogter (Gr 9, 7 en 5)

## *Alethea Outreach*

## *11:00*

Like us on facebook:

https://www.**facebook**.com/

# Liturgiese Riglyne

## S O N D A G O G G E N D 09:00

## As my hart beswyk

**Skriflesing**:
Ps. 61
(2020)

**Teksvers**:
Ps. 61:3

**Sing**:
Ps. 91:1 en 6
Ps. 91:7
Ps. 46:1 en 2
Ps. 61:1, 2 en 3
Ps. 61:4, 5 en 6
Ps. 73:10, 11 en 12
Sb 13-3

Ds Lourens Venter

Dawid is in groot benoudheid. Hy voel homself aan die einde van die aarde.

Wat staan hom te doen? Hy bid. Hy roep God aan in die nood. As sy hart beswyk, as sy moed hom begewe en hy geen Antwoord of hoop het nie, dan neem hy sy toevlug na God.

In sy nood besef Dawid hy het ‘n stewige fundament nodig om op te staan, ‘n rots. Maar die rots moet ook bo hom wees, dit moet hoër wees as hy, sodat die rots hom kan help met wysheid en insig.

Laastens besef Dawid ook dat hy self nie die rots kan vind as God hom nie daarheen lei nie.

## S O N D A G A A N D

## Wat is jóú nalatenskap?

**Skriflesing**:
2 Kon. 13:14-21
2 Kon. 2:5-25
Hebreërs 11:1-4
Efesiërs 1:8-20
(1983)

**Teksvers**:
2 Konings 13:21

**Sing**:
Ps 33:1,5,11
Ps 92:6,7
Ps 71:1,9,14
Ps 145:1,2,3,12
Sb 13-3

Ds Maarten van Helden

Na die kragtige bediening van 60 jaar sterf die profeet Elisa en word hy soos 'n gewone Israeliet begrawe.

Alhoewel hy waarskynlik groter dinge vermag het as sy voorganger, Elia, vaar Elisa dus nie op na die hemel in die heerlikheid van vurige strydwaens nie.

En tog is daar ná sy dood troos aan die volk in die vreemde gebeure wat by die graftombe van die profeet plaasvind!

Dink bietjie na wat hierdie gebeure vir my en jou kan beteken en hoe dit selfs heenwys na die graftombe van ons Here Jesus!